

Onthou julle nog dat ons ons eie webblad het? Hier is die adres vir ingeval julle vergeet het:

<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/jeug>

Hierdie keer is daar vir ons groter kinders 'n woordsoek-speletjie. Hoop julle kry al die woorde!

G	O	U	E	K	A	L	F	B	A
H	W	E	X	O	D	U	S	S	F
A	P	A	R	T	A	S	T	A	F
R	E	L	G	H	I	K	A	V	W
A	G	Q	W	S	Z	U	Y	N	M
N	I	N	E	V	S	D	O	T	C
K	W	N	O	O	L	R	S	S	X
O	E	I	J	U	A	M	E	N	U
G	B	A	R	A	M	O	S	E	S
I	S	R	A	E	L	I	E	T	E

Die ou wat gehakkel het / Moses se broer / Die plek waaruit Abraham getrek het / God se volk / Die eerste boek in die Bybel / Die boek wat "uittog" beteken / Moses se opvolger / Einde van 'n gebed / Jesus gee ons die lewe



Liewe Maats

Met al die vakansiedae wat ons nou in die kwartaal gehad het, voel dit seker nie vir julle of dit al weer amper tyd is vir die Junie-vakansie nie!

In hierdie Penniefluitjie hersien ons weer 'n bietjie van ons baie belangrike beginsels waarin ons as kinders van God glo.

Boonop het ons 'n paar belangrike gebeurtenisse hierdie kwartaal gehad. Kan julle raai waarvan ek praat?

Ja, ons het 'n Moedersdag en 'n Vadersdag gehad en daarom is daar hierdie keer ietsie vir Pappa en Mamma ook in die Penniefluitjie. Julle kan dit gerus met hulle deel.

En dan het ons land verkiesing gehad en nou het ons 'n nuwe president. Daarvoor moet ons ook 'n bietjie gesels, so blaai gerus om en sien wat is in hierdie keer se Penniefluitjie!

Baie liefde

Tannie Lita

Hierdie keer het ek darem vir Pappa en Mamma ook iets om te lees - hulle verstaan Engels mos al mooi, of hoe?!

Ten Commandments for parents

1. Let your child explore a lot of options
2. Play a lot of games with your children
3. Encourage your children to engage with other children
4. Talk about competitive feelings and attitudes with your child
5. Provide as much support as you are able in terms of time and energy
6. Trust and support the coaches and playgroup guides
7. Encourage team play by being a parent team player yourself
8. Ensure that the child has the best protection available for the sport
9. Focus on the basics of athleticism rather than on the perceived quality of the equipment
10. Love your child regardless of your frustrations about his or her ability

— John Gilmour



'n Nuwe President.....

Ek is seker julle weet teen hierdie tyd wie die nuwe president van ons land is!

Ja, en dié van julle wat ouer as 10 is, sal onthou dat ons die afgelope 10 jaar nou al 'n verskeidenheid presidente gehad het....eers was daar Nelson Mandela, toe Thabo Mbeki en toe Kgalema Motlante. En nou is dit Jacob Zuma.

Ek weet julle leer in die skool wat die president en die regering se take is, so ek gaan julle nie daarmee verveel nie.

Wat vir ons as kinders van God belangrik is, is dat ons sal glo dat God in beheer is - ook van ons land se regering. En dat God in enige omstandighede mense kan gebruik om Sy werk te doen - selfs al is hulle nie gelowiges nie!

Lees 'n bietjie die storie van koning Kores van Persië in 2 Kronieke 36:22-23. God het hom gebruik om die Jode toe te laat om na hulle land toe terug te gaan.

In die boek Ester lees ons van koning Ahasveros wat vir Ester as koningin aangestel het. Hier het God hom gebruik om Ester in die paleis te kry sodat sy die Jode kon red van uitwissing.

Dus, wat ek eintlik vir julle wil sê, is dat ons moet glo dat God 'n plan het wat ook ons president en regering insluit. Dit is ons werk as gelowiges om vir hulle te bid, sodat hulle die regte besluite sal neem - al stem ons nie altyd saam met wat hulle doen of sê nie!

Onthou dus om vir president Zuma en die regering te bid - hulle het ons gebede nodig!